

AFSKOPREEKS 2022
GROEIGROEPMATERIAAL
Week 2

In Jesus Spore in 2022:
DENKE...volgens God se wil – dink soos Jesus



Kom ons vat die metafoor van `n pad, waarmee ons verlede week afgeskop het, verder... In die reis van die lewe speel ons denke `n belangrike rol: “*you are what you think*”, sê mense mos. Alles begin by `n gedagte in ons kop, elke liewe ding in die lewe. Of dit nou oor werk, ons eie huis, verhoudings, geloof of wat ookal gaan...

M.b.t. geloof speel ons gedagtes `n betekenisvolle rol: as ons byvoorbeeld die verkeerde idee van God het (*Hy is `n “polisieman” wat ons fyn dophou om ons te straf wanneer ons fouteer*), of `n verkeerde idee van sonde (*almal doen dit, so dit is nie verkeerd nie*), of `n verkeerde idee van wat belangrik is (*uiterlike prestasie teenoor totale Goddelike afhanklikheid*), het dit `n negatiewe impak op ons lewensreis hier op aarde.

Ons is alweer terug by Romeine 12...

*“Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle **verander** deur julle **denke te vernuwe**.”*

Elke probleem het `n wortel: `n oorsprong of beginpunt. So as ons reken ons denke is foutief, waar lê die oorsprong van die probleem?

Kom ons blaai terug na die eerste hoofstuk van Paulus se brief aan die Romeinse gelowiges vir `n antwoord...

TEKS: Rom. 1:18-32

Reg in die middel van sy briljante analise van die mens se sondige bestaan, trek Paulus die lyn terug na `n beslissende oomblik waar die mens `n verkeerde idee omarm het en wys dit uit as die wortel van hul sondeprobleem:

“Dit is hulle wat die waarheid van God verruil vir die leuen. Hulle dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper, aan wie die lof toekom vir ewig. Amen.”

Leeswerk & vrae:

1. Volgens Rom. 1:25, wat het die sondige mense in die plek van die waarheid gestel?
2. Lees Joh. 8:44. Waar lê die oorsprong van leuens? Wat is die kernprobleem by hulleself, volgens Jesus? (Vers 8)
3. En waar sou jy sê het die leuen die heel eerste keer “kop uitgesteek”? Lees weer Gen. 3:1-5.

4. Kyk hoe het dit net soos 'n "virus" versprei, wanneer jy Gen. 4:9 lees. Ironies genoeg het die Here vir Kain gewaarsku teen die sonde – Gen. 4:6-7 – in antwoord op Kain se reaksie oor die afwys van sy offer aan die Here (Gen. 4:3-5).
5. Wanneer jou denke foutief is en jy dit nie voor die Here bely nie, watter moeilikheid wen jy dan vir jouself? Kyk weer na Rom. 1:28-32 en let op die woorde "ken", "verdraaide opvatting" en "uitdink".

Kom ek vat dit saam...

Alle woorde en aksies begin by die gedagtes in jou kop. Ons denke is die plek van oorsprong. Ons kan die wonderlikste gedagtes hê, maar as dit nie Goddelike gedagtes is nie is ons op "dun ys". Paulus was immers self ook voorheen in sy lewe dáár: hy het die verkeerde idees (denke) gehad oor wat regtig saak maak (Fil. 3:4b-9), daarom sê hy vir die gelowiges in Fil. 3:15 dat die Here vir hulle die "regte insig" sal gee. 1 Kor. 14:20 maak dit duidelik dat dit 'n groeiproses is: *"Broers, moenie in julle denke kinders wees nie. Wees onvolwasse in die slegte dinge, maar in julle denke volwasse."*

Om **In Jesus Spore** te loop, volgens God se wil, beteken dat ek my denke moet ondersoek en wanneer ek besef dit is verkeerd...dit met God se denke bely.

Hier is 'n paar belangrike slotopmerkings:

- Dink na oor die gedagtes wat jy dikwels koester aangaande God, jouself en ander mense.
- Skryf hierdie gedagtes neer en vra jouself af of dit strook met God se wil, of meer met jou eie?
- Indien dit die laasgenoemde is, vra God om jou denke te vernuwe (Rom. 12:2).
- Deel dit met iemand naby aan jou as 'n getuie.

Mag jy in hierdie week meer fokus om soos Jesus te dink omdat jy weet dat dit die oorsprong is van 'n lewe wat strook met God se wil, of nie.

Gebedstyd:

- Dank die Here dat Hy sy wil aan ons openbaar deur die Bybel.
- Vra Hom om jou te help om fyner ingestel te wees op sy Gees se stem in jou lewe.
- Bid vir ons kerkfamilie: vir Skrifbelynde denke wat oorvloei in die regte dade.
- Bid vir geestelike groei wat die denke van ons lidmate aanbetref.
- Bid vir Sondag se erediens en nagmaalsgeleentheid.

Soos Pascal (**Pensées, 417**) dit opgesom het...

*"Not only do we only **know** God through Jesus Christ,
but we only **know** ourselves through Jesus Christ;
we only **know** life and death through Jesus Christ.
Apart from Jesus Christ we cannot **know** the meaning of our life
or of our death, of God, or of ourselves."*

DINK nuut...volgens God se wil